Uitslae van Konvokasie-stemproses bekragtig

13 JUNIE 2023

Oudregter BM Griesel het die uitslae van die stemproses van die buitengewone vergadering van die Konvokasie van die Universiteit Stellenbosch (US) wat op 1 Junie 2023 gehou is, bekragtig.

In sy skrywe aan lede van die Konvokasie op Maandag 12 Junie sê regter Griesel, wat by die vergadering onbestrede as ad hoc voorsitter verkies is en die proses gelei het, dat hy alle besware oorweeg het en bevind het dat die “uitslae wat op 2 Junie 2023 gepubliseer en aan lede versprei is, staan en dat die uitkoms van die stemming geldig en die uitslag finaal is”.

In sy volle verslag wat sy skrywe vergesel het, verklaar oudregter Griesel ook dat “alhoewel die proses rondom die reëling van die buitengewone vergadering nie perfek of foutloos was nie, dit op die keper beskou vry en regverdig was en ’n getroue weerspieëling van die Konvokasie se gevoelens ten opsigte van hierdie betrokke aangeleenthede daarstel” en dat hy die stemming, soos aangekondig op 2 Junie 2023, bekragtig.

Regter Griesel toon in sy verslag ook aan dat daar tegniese probleme met die vergadering ervaar is en dat gepaste stappe dringend geneem moet word om die probleemareas aan te spreek en reg te stel.

Buitengewone vergadering

’n Buitengewone vergadering van die Konvokasie is byeengeroep na twee mosies deur lede van die Konvokasie ontvang is en die President van die Konvokasie gevra is om in ooreenstemming met die Statuut van die US ’n buitengewone vergadering te belê.

Die twee mosies is op die buitengewone vergadering gedebatteer en daar is daaroor gestem. Die mosies is hier en hier beskikbaar. (Vir lede wat vir die aanlyn vergadering geregistreer het, is daar deur die President, Visepresident, en die twee voorstellers van die mosies op 'n 24 uur-stemperiode ooreengekom.)

Die eerste mosie, 'n mosie van wantroue in die uitvoerende komitee van die Konvokasie, uitgesluit die visepresident, dr Rudi Buys, is aanvaar. Die lede van die uitvoerende komitee, uitgesluit die visepresident, het gevolglik hul posisies ontruim.

Die tweede, 'n mosie van wantroue in die visepresident van die Konvokasie, is nie aanvaar nie.

Die buitengewone Konvokasievergadering en die stemproses is hanteer in ooreenstemming met die prosedures waarop die partye (President en Visepresident van die Konvokasie en die twee voorstellers van die twee mosies) vooraf ooreengekom het.

In ooreenstemming met hierdie prosedure is vier besware ontvang en ondersoek. Volledige inligting is aan regter Griesel voorgelê wat sy uitspraak op 12 Junie daaroor gelewer het.

MEER OOR DIE US KONVOKASIE

Die doel van die Konvokasie is volgens die Statuut van die US "om die welsyn van die Universiteit te bevorder deur ŉ wedersyds voordelige verhouding tussen die Universiteit en die lede van die Konvokasie te handhaaf, en mag die Raad, en die Senaat wanneer gepas, in hierdie verband adviseer".

Die Konvokasie van die Universiteit bestaan uit: (a) alle persone aan wie ŉ kwalifikasie by ŉ kongregasie van die Universiteit toegeken is; (b) die rektor, die viserektore, uitvoerende bedryfshoof en die voltydse akademiese personeel van die Universiteit; en (c) voormalige voltydse akademiese personeel van die Universiteit wat die diens van die Universiteit verlaat het as gevolg daarvan dat hulle die aftree-ouderdom bereik het.